higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT

# KLEDINGKONSTRUKSIE N4

(10010474)

**15 Oktober 2020 (X-vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.**

253Q1B2015

Kopiereg voorbehou

# DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
KLEDINGKONSTRUKSIE N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

---

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A

### VRAAG 1

Kies beskrywing uit KOLOM B om by item/term in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–M) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.1 | Soomtoelating | A | tweevoudige lyne van elke plooi word na mekaar gedraai en bymekaar moet uitkom |
| 1.2 | Biskopsmou | B | in bloese gebruik, en is geskik vir liggewigmateriaal, soos katoen, chiffon en voile |
| 1.3 | Kontoerpylnaat | C | word voor gradering gedoen om die wydte of by hoeke van krae en sakke gelyk te kry |
| 1.4 | Koordopnaaisel | D | word van regs na links na jou kant toe gewerk, om twee lae materiaal bymekaar te hou |
| 1.5 | Inryging | E | meestal in een gesny met tussenbelegsel slegs op die een kant, of in twee gesny met tussenbelegsel op die een stuk |
| 1.6 | Hempkraag | F | slip wat met 'n strook materiaal wat op die draadlyn gesny is en 1,5 tot 2 cm wyd is, verbind word |
| 1.7 | Aaneenlopende oorslag | G | kan óf uit een stuk of uit twee stukke gesny word |
| 1.8 | Reguit mouboordjie | H | die langer kant van 'n naat word vasgespeld om sonder rygplooitjies of plooie te pas by of in te pas in die korter naat, ná dit gestik is |
| 1.9 | Diagonale rygwerk | I | met 'n koord binne-in al langs die vou en 'n ritssluitervoet word gebruik om naby die koord te stik |
| 1.10 | Insetnaat ('fagotted seam') | J | in snyerskledingstukke waar nate beklemtoon moet word |
| | | K | by die middellyf van 'n eenstukrok, baadjies en jasse |
| | | L | ingesitte mou wat nouer raak van die moukop af en groter word by die soom; die ideale mou vir bloeses |
| | | M | materiaal van 'n sekere voorafbepaalde wydte wat óf met die hand óf met die masjien afgestik kan word |

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 2**

Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings deur slegs die term langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 'n Baie stewige soom; aangesien dit aan die regterkant gevorm word, is dit ook versierend met twee steke wat sigbaar is

2.2 Uit 'n enkele laag materiaal gemaak; boonste rand kan afgewerk word met skuinsband of belegsels of dit kan gesoom word

2.3 Saamgestel uit 'n aparte kledingstuk en sakdeel wat by die naatlyn verbind word

2.4 Stroke materiaal wat gebruik word om rafelkante af te werk en dit kan ook beskryf word as 'n versiering wat waarde toevoeg tot die ontwerp van sakke en halslyne

2.5 'n Skuinsstrook wat in die lengte gevou, regterkante teenmekaar, en op gelyke wydte van die vou af gestik is, dan omgedop is sodat die naattoelatings binne die trensie kom

2.6 Uitknipsel volgens 'n patroon in dieselfde vorm en op dieselfde draad as die rand wat dit gaan afrond

2.7 Die skuins las van twee rande by 'n hoek; dit kan in posisie gevou of gestik word

2.8 Word gebruik om te voorkom dat nate uitrek en hul vorm verloor en om die draadlyn te ondersteun

2.9 Openinge in die naattoelating van konvekskurwes ingesny wat die rande laat uitsprei as dit klaar is

2.10 Word gebruik om met al die naaldposisies some, opnaaisels en naaiwerkkant en -lint vas te stik

(10 × 1) **[10]**

**VRAAG 3**

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

3.1 Crêpe met satyn agter is 'n dowwe, gekreukelde materiaal as gevolg van die gebruik van gedraaide drade.

3.2 Angora word uit wol of kunsvesel gemaak met 'n sagte gepluisde afwerking en die gevoel van sagte kidleerhandskoene.

3.3 Habutai is 'n liggewig, goedkoper sy wat vir voerings en serpe gebruik word.

3.4 Chino is 'n liggewig, effekleurige weefstof bedruk met blomme, somtyds figure en voëls.

3.5 Seildoek is ligte, buigsame, effekleurige stof van wol, rayon, katoen, of vermengings. Tradisioneel op donker agtergrond bedruk met blom- of paisleyontwerp.

3.6 Kaliko is 'n liggewig, effekleurige weefstof, hoofsaaklik vir monsters in die modebedryf gebruik.

3.7 Akrielvesel is 'n sintetiese materiaal, hoofsaaklik vir sportdrag gebruik en is 'n donserige, wolagtige materiaal wat nie maklik water absorbeer nie.

3.8 Poedelmateriaal is 'n diggeweefde, duursame materiaal met 'n fyn horisontale riffel.

3.9 Pluche ('plush') is 'n katoen- of katoenmengselstof op 'n weeftoestel met 'n dobbietoebehoorsel geweef met klein, verhewe geometriese patrone.

3.10 Organdie is deurskynende stof wat krakerig en syagtig is met 'n glans en kan ook uit veselstowwe gemaak word.

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 4**

Noem die volgende konstruksieprosesse of dele van die kledingstukke wat op die skets in FIGUUR 1 hier onder aangedui is. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (4.1–4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.




**DAMESTOP/-BLOESE**

**FIGUUR 1**

(10 × 1) **[10]**

**VRAAG 5**

Bestudeer die skets van die baadjie hier onder en beantwoord die vrae (5.1–5.10) in die ANTWOORDBOEK.




**FIGUUR 2**

5.1 Hoe sou jy die boonste kraag stabiliseer sodat dit sy vorm behou en terselfdertyd versterk word?

5.2 Watter ander mou sou jy vir die baadjie voorstel? Die mou wat jy kies, kan die boonste deel van die lyfie tot by die skouer toe verander.

5.3 As die baadjie uit effekleurige wit denimstof gemaak is, stel 'n alternatiewe swart, kontrasterende stof voor wat geblom is of 'n rolpatroon het.

5.4 Die baadjieoorslag ('flap') het gevierkante hoeke. Watter alternatief is daar om die hoek mee af te rond en steeds 'n goeie ontwerp te handhaaf?

5.5 Hoe kan jy die aandag vestig op 'n baadjienaat deur 'n versiering in die naat te sit?

5.6 Wat sal jy op die skouers van die baadjie byvoeg as jou kliënt hang- of benerige skouers het?

5.7 As daar beperkte beweging rondom die mousgat is, wat is van die moukop verwyder wat beweging rondom die mousgat gewoonlik moontlik maak?

5.8 Die bopunt van die lapel vorm deel van watter deel van 'n kledingstuk?

5.9 Die baadjieopening is met 'n enkele knoop afgerond.

Noem enige een materiaalsoort waarvan knope gemaak kan word.

5.10 Hoeveel sentimeter word van die voering afgesny sodat die klerasiestof na die voering getrek kan word nadat dit gestik is?

(10 × 1) **[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING B

## VRAAG 6

Bestudeer die sketse van die damesrok in FIGUUR 3 hier onder en beantwoord die vrae.




**FIGUUR 3**

6.1 Die rompgedeelte van die rok in FIGUUR 3 hier bo is met behulp van rygplooitjies geknip. Bestudeer die skets hier onder en verduidelik hoe jy rygplooitjies in 'n geslote naat sal stik.




**FIGUUR 4** (11)

6.2 Beskryf kortliks die TWEE gebruike vir rygplooitjies wat in 'n oorslagnaat gestik word wanneer rygplooitjies in 'n rok soos in FIGUUR 3 hier bo ingesit word. (2 × 2) (4)

6.3 Wanneer rygplooitjies op enige deel of gedeelte van 'n rokpatroon aangebring word, skep dit 'n interessante eienskap.

Verduidelik die DRIE kenmerke van rygplooitjies. (3 × 2) (6)

6.4 Ingerygde rompe is nie die enigste soort rompe wat vir damesdrag ontwerp kan word nie.

Noem VYF ander soorte rompe wat gewild is vir damesklere. (Enige 5 × 1) (5)

6.5 Rouleau-stroke word gebruik om die bandjies wat in A in die skets in FIGUUR 3 aangedui word, te maak. Verduidelik die metode wat gebruik word om rouleau-stroke te maak. (7)

6.6 Openinge op kledingstukke is belangrik aangesien hulle die draer in staat stel om 'n bepaalde stuk klere aan of uit te trek.

6.6.1 Die BENOEMING B in FIGUUR 3 hier bo verwys na die opening wat aan die linkerkant van die rok is. Watter soort vasmaakmiddel word in die naat van die opening op die rok ingesit? (1)

6.6.2 Noem die VIER soorte ritssluiters wat in rompopeninge ingesit kan word. (4 × 1) (4)

6.6.3 Noem DRIE maniere waarop 'n ritssluiter in enige rokopeninge ingesit kan word. (3 × 1) (3)

6.6.4 Watter DRIE instellingswenke sal jy aanbeveel vir ritssluiters wat in rokopeninge gesit word? (3)

6.6.5 Verduidelik STAP 1 en 2 wanneer 'n ritssluiter met behulp van die oorslagmetode in 'n rompopening ingesit word.



**FIGUUR 5** (6)

**[50]**

**VRAAG 7**

7.1 Plooie, opnaaisels en pylnaatopnaaisels word wyd gebruik in damesklere.

Watter DRIE gehaltestandaarde kan as belangrik beskou word wanneer plooie, opnaaisels en pylnaatopnaaisels in bloeses gebruik word? (3 × 2) (6)

7.2 Wanneer opgestikte sakke op damesrompe vasgesit word, watter VIER hoekversterkingstegnieke kan jy aanwend? (4 × 1) (4)

7.3



**FIGUUR 6**

Bestudeer die langbroek in FIGUUR 6 hier bo en beantwoord die vrae wat volg:

7.3.1 Watter twee van die kledingstukgedeeltes op die dameslangbroek sal tussenbelegsel nodig hê voor daar met konstruksie begin word? (2)

7.3.2 Noem hoeveel plooie op die voorkant van die langbroek gekonstrueer is. (2)

7.3.3 Noem die plooie wat aan die voorkant van die langbroek aangebring is. (1)

7.3.4 Verduidelik hoe jy sakke op die langbroek in die naat sou konstrueer voordat die rafelkante apart afgewerk word. (8)

7.3.5 Bepaal die afwerking van die gordellussies in sentimeter. (1)

7.3.6 Wat is die verskil tussen die lae ingesitte en die hoë ingesitte sak in die naat? (4)

7.4 Verwys na die skets in FIGUUR 7 hier onder en beskryf hoe jy die broekband sal konstrueer voordat dit aan die middellyflyn van die langbroek vasgestik word.



**FIGUUR 7** (14)

7.5 Die knoopsgate wat hoofsaaklik aan die broekbandomslag geheg word, moet aan standaarde en gehalte voldoen.

Noem VIER gehaltestandaarde wat belangrik is vir die konstruksie van knoopsgate. (4 × 2) (8)

**[50]**

**VRAAG 8**

8.1 Bestudeer die skets van die baadjie in FIGUUR 8 hier onder en beantwoord die vraag.



**FIGUUR 8**

Noem enige VIER areas waar tussenbelegsels aangewend moet word op gedeeltes van die baadjie wat in FIGUUR 8 hier bo aangetoon is. (4)

8.2 Voering is die laaste materiaallaag wat by 'n snyerskledingstuk gevoeg word. Bestudeer die sketse in FIGUUR 9 en verduidelik hoe die belangrikste voeringstukke saamgevoeg moet word.



**FIGUUR 9** (16)

8.3 Skouerkussings verbeter die snit en vorm van baadjies, jasse en rokke.

Beskryf hoe jy jou skouerkussings sou bedek om gehalteafwerking te verkry. (5)

8.4 Noem die eienskappe van skouerkussings met 'n reguit rand.  (5 × 1) (5)

8.5 Strykwerk is 'n belangrike proses tydens die konstruksieproses en dit vorm deel van die afwerking en gehaltestandaarde wat vereis word vir die voorkoms van 'n kledingstuk.

8.5.1 Watter DRIE redes sal jy aanvoer vir strykwerk? (6)

8.5.2 Verduidelik hoe jy sal verseker dat die materiaal sy oorspronklike voorkoms behou. (3 × 2) (6)

8.6 Verskillende materiale vereis hul eie stryktegnieke. Hoe sal jy die volgende materiaalsoorte stryk?

8.6.1 Crêpe  (3 × 1) (3)

8.6.2 Deurskynende materiale (2 × 1) (2)

8.7 Noem DRIE materiale wat geskik sal wees vir die konstruksie van damesbaadjies. (3 × 1) (3)

**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 150**
**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou